



'n Tweede taal

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Die fabel word vertel van die muisgesin wat in hul huisie in die kombuismuur van 'n ou gebou gereed maak om te eet. Skielik word hulle yskoud toe hulle sien hoe die kat sy poot van buite af by die gaatjie in die muur insteek en begin rondvoel of hy een van hulle kan bykom.

Dit is doodstil en die muise beweeg al nader aan mekaar van vrees. Die pa-muis kruip toe saggies nader aan die opening, haal diep asem en blaf twee keer kliphard soos 'n hond. Die kat skrik so groot dat hy dadelik omdraai en so vinnig weghardloop as wat sy bene hom kan dra. Die pa-muis kyk ewe trots na sy geskokte muisgesin en sê: *Sien julle nou hoekom dit belangrik is om 'n tweede taal aan te leer?*

Ek het die voorreg gehad om deel te wees van 'n span wat destyds opdrag ontvang het om 'n elektroniese (aanlyn) nuusbrief te ontwikkel wat weekliks aan lidmate, predikante en ander belangstellendes gestuur kon word. Die droom was dat hierdie weeklikse publikasie resente nuus en inligting sou kommunikeer en dat dit meeleving tussen lidmate en gemeentes van ons Kerk sou ondersteun.

In die lig van die beeld hierbo, was dit 'n geleentheid om, by ons bestaande kerklike publikasies, nog 'n "taal" of medium te benut vir effektiewe kommunikasie. Ons het 'n webwerf geskep en koppe bymekaar gesit oor die moontlike formate vir so 'n nuusbrief. Onder leiding van (wyle) prof Piet Geysers het die eerste *e-Hervormer* op 14 Februarie 2008 die lig gesien. Weekliks is al die inligting versamel, en 'n konsep is saamgestel, geproeflees en gefinaliseer sodat dit teen die spertyd uitgestuur kon word – dit alles terwyl die lede van die span op verskillende plekke gewoon en gewerk het (die eerste aantal uitgawes is vanaf Gaborone in Botswana uitgestuur).

Sedert die eerste uitgawe het die publikasie met verloop van tyd (deur bekwame en kreatiewe hande) in vorm en naam ontwikkel tot die *Blitspos* soos dit vandag bekendstaan. Reeds van die eerste uitgawe af het dit geblyk dat hierdie elektroniese medium ons in staat gestel het om die Hervormde Kerk se voetspoor na baie plekke oor die wêreld heen te dra.

Die onmisbare rol van die aanlyn-kommunikasiewêreld het weer opnuut vir ons almal uitgestaan gedurende die afgelope tien maande omdat ons besef het watter waarde hierdie "tweede taal" inhou. Oral deur gemeentes van die Kerk kon ons voortgaan met ons roeping, ons kon eredienste uitsaai, boodskappe op sosiale media versprei, meeleving skep met sosialemediagroepes, video-aanbiedings aanstuur en vele meer. So het hierdie medium ons in staat gestel om in 'n mate die fisiese afstand te oorbrug wat ons as gevolg van voorsorg moet handhaaf. Alhoewel dit vir almal aanvanklik vreemd en anders was om op 'n ander manier te dink en by hierdie medium aan te pas, het ons 'n geleentheid ontvang om op nog 'n manier te kommunikeer, op nog 'n manier te getuig, te dien, te verkondig en die gemeenskap van gelowiges te laat lewe.

Ook in hierdie tyd het *Blitspos* as kommunikasiemedium in ons Kerk 'n baie belangrike rol gespeel, en wie weet, dalk gaan ons soos tyd en tegnologie verander, nog 'n paar "tale" kan aanleer en ander geleenthede vind waarmee ons die boodskap van hoop, vir mekaar en vir die mense waarheen die Here ons stuur, die toekoms kan indra!

Lief en leed



Ds Johan Viljoen

- **Ds JJ (Johan) Viljoen** (emeritus) is Sondag 31 Januarie opgeneem in die intensiewesorgeenheid van die Kosmoshospitaal in Witbank. Sy toestand is ernstig. Dit wil voorkom asof die Covid-behandeling wat hy die vorige tien dae ondergaan het, berus het op die verkeerde diagnose. Sy geweldige koors is deur iets anders veroorsaak en hulle toets tans om die oorsaak op te spoor. Sy niere het ophou funksioneer – hy sukkel die laaste aantal jare met kaliumvlakke en die huidige toestand word deels daaraan toegeskryf. Ons bid hom spoedige beterskap toe.



Ds Gerhard Stoltz

- **Ds GPJ (Gerhard) Stoltz** (ADV) en sy hele gesin is Covid-19-positief. Hulle het Saterdagoggend 30 Januarie die uitslae gekry. Sy vrou, Liezel, is in die hospitaal opgeneem en moet binnears antibiotika kry. Hul dogters, Anneke en Elmarie, verbeter steeds. Liezel se moeder is vroeër (op 19 Januarie) weens Covid-19 oorlede, maar die gedenkdiens is uitgestel weens die familie se simptome. Ons bid die familie baie sterkte en spoedige en algehele herstel toe.



Ds Heloïse Herbst

- **Ds H (Heloïse) Herbst** en haar man, Pieter, van Gemeente Rietvallei is sedert Kersfees ernstig siek met Covid-19. Sy is op Kersdag in 'n koma per ambulans hospitaal toe geneem. Sy is intussen ontslaan, en hulle herstel tans tuis. Ons bid hulle algehele herstel toe.

- Dit gaan nou beter met **prof APB (Andries) Breytenbach** (emeritus) en sy vrou, Christa, nadat hulle Covid-19 opgedoen het. Hy sê hy stap al met gemak 'n halwe kilometer, maar die longkapasiteit moet nog heelwat verbeter. Ons bid hulle volkome herstel toe.

- **Prop Mari-Louise Trollip** (beroepafwagting) is op 19 September 2020 in 'n intieme seremonie in die huwelik bevestig met Stephen Calder. Hulle hou die groot onthaal egter eers in September vanjaar. Sy is in November 2019 gelegitimeer en is sedertdien beroepafwagting. Baie geluk aan die egpaar!

- Ons het hierdie mooi foto ontvang van dr Diederik Müller van Kanada. Hy was vroeër predikant van die NHKA, en 'n tydgenoot van ds Philip Prinsloo en dr Kobus van Biljon. Op die foto teken **prof Adrianus van Selms** (1906-1984) 'n paar van dr Müller se boeke. Dr Müller sê: *Wat 'n briljante man en toegewyde taalwetenskaplike was hy!* Prof Van Selms was professor in Semitiese Tale aan UP van 1948 tot 1971.

- **Die volgende predikante verjaar tot 12 Februarie 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 4 Februarie: Ds C (Chantelle) du Toit-Phillipson (30) (Meyerton-Suid)
- Vrydag 5 Februarie: Ds L (Lisa-Mari) Prinsloo (36) (Sasolburg-Suid)
- Saterdag 6 Februarie: Dr AMT (Andorette) Hill-Jowett (53) (siekte-emeritaat) en ds JA (Johan) Holtzhausen (55) (Vryburg)
- Maandag 8 Februarie: Ds AJH (Jakkals) Janse van Rensburg (64) (Paarl)
- Dinsdag 9 Februarie: Di F (Freddie) Nortje (58) (emeritus/Bergsig), F (Ferdie) Nortje (58) (siekte-emeritaat), LH (Lydia) Miller (49) (Villiers), D (Dolf) Bester (32) (Boksburg) en IF (Erika) Ferreira (30) (Bellville)
- Woensdag 10 Februarie: Di D (Dalene) Lourens (49) (Selcourt) en IJ (Jaco) Vogel (41) (Rooihuiskraal)
- Donderdag 11 Februarie: Ds MS (Marius) Jansen van Vuren (64) (Ventersdorp)
- Vrydag 12 Februarie: Ds PB (Pieter) Viljoen (62) (Alberton)

Gemeentes en bediening

- **Ds JZ (Hans) Britz** van die Kuruman-kombinasie het 'n beroep ontvang na Standerton.
- Die **Inligtingsvergadering** wat gereël was vir 21 en 22 Februarie 2021 is **afgestel** in die lig van die skerp opswaai in die Covid-19-pandemie en die gepaardgaande rampregulasies.



Ds Hans Britz

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van 'n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by george.marais@fineandcountry.com. Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.

Beplande vergaderings

- Maandag 8 Februarie: Bestuurskomitee
- Woensdag 10 Februarie: Kinderhuise Dagbestuur
- Vrydag 12 Februarie: Oudit- en Risikokomitee
Moderamen

Kerklike publikasies

- Die **Januarie/Februarie 2021-uitgawe van *Die Hervormer*** word nie in gedrukte vorm versprei nie, maar slegs elektronies. Met ingang van die Maart 2021-uitgawe sal die publikasie elektronies beskikbaar wees, én as pdf aan predikante en skribas gestuur word (sodat hulle dit in hul gemeentes verder kan versprei), én hopelik ook weer gedruk word. Lees die artikels van die Januarie/Februarie 2021-uitgawe [hier](#).

Van die artikels is die volgende:

- Ek wens vir jou... (Nuwejaarsboodskap van dr Tanya van Wyk)
- Ons weet waar ons krag vandaan kom (Ds Willem Sauer)
- Sosiale media en bediening (Dr Deon du Toit)
- Die etiek van genadedood (Ds Neels van Tonder)
- Gemeente Coligny se groot hartseer (Ds Gert Beukes)

Bybelse Dagboek / Almanak 2021
(beskikbaar in Desember 2020)
R190 (versending uitgesluit)

Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag

Bestel by sentik@nhk.co.za

Studentesake

- **Studentebehuising by Gemeente Philadelphia.** Veilige behuising is beskikbaar vir studente in 2021 op die terrein van die gemeente in Pretoria. Dit is 200 m van die UP-kampus en binne stapafstand van winkels en ander besighede. Kamers met gemeenskaplike ablusie en kombuis sowel as enkelwoonstelle is beskikbaar. Kontak Elize Fourie by nhkphiladelphia@gmail.com vir meer inligting.

Fondsinsamelings

- **Gemeente Wolmaransstad: Virtuele wedren (fiets/hardloop)**
Saterdag 6 en 13 Februarie
Babaren; 1 km; 5 km; 10 km
Kies die afstand wat jy wil ry/hardloop
Stuur nou jou inskrywing en bewys van betaling

Ontvang fietsrynommer
Nadat jy die afstand voltooi het (op dieselfde dag):
Stuur foto of rekordhouding en ontvang jou medalje
Navrae: 060 997 2344 / nhwollies@yebo.co.za
Facebook: NHK Virtual Race

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- to 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

'n Gedig

Weerkaatsing

In die windlose, wasige vroegoggendlig
staan die bome op die oorkantste wal
in verleë afsydigheid gehul.
Maar kyk, die metaalgladde watervlak stal
hulle onderstebo arabeskhelder uit,
aan onsigbare haarwortels hang hul gewig
met splitsende takwerk sekuur ingevul.
Op gietstaal die gitswart bevestiging
van ongedeerde identiteit:
afbeelding oortref weer die werklike ding.

Elisabeth Eybers
(Uit: *Noodluik*, 1989)

Barmhartigheid

- Die Kommissie van die AKV het goedgekeur dat **die tweede Sondag in Februarie 2021** se **deurkollekte** aangewend kan word vir die aanvulling van die **NHSV se Beurs- en Leningfonds**. Ons doen 'n beroep op lidmate en gemeentes om, waar moontlik, steeds hierdie verdienstelike saak te ondersteun.
- **Vakature: Permanente huisouers vir ses seuns**
Huis Prinsloo, Rustenburg
Persone tussen die ouderdomme van 30 en 55
(Verkieslik getroude egpaar)
Kandidate moet keurings- en psigometriese prosesse deurloop
Moet SAPD-klaringsertifikaat toon
Kontak: Otto Viljoen 079 495 2007 / 060 968 4907 / kinderhuise@nhk.co.za
Suzanne van Deventer 066 477 8904 / suzanne@rata.org.za
Tertia Vos 082 781 6966 / tvos@vodamail.co.za
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het twee **tweeslaapkamer-woonregeenhede** beskikbaar by Frans Boshoff: Woonstel 3 teen R485 000 en Woonstel 16 teen R439 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit

sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**

Kieserstraat 126, Rietondale

Een enkelwoning te koop teen R510 000

Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000

Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000

Twee tweeslaapkamerwoningte te koop teen R560 000 elk

Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand

Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544

Seniordalpta@gmail.com



Allegartjie

“As ’n mens die ABC nie ken nie, is jy soos ’n blinde wat sien sonder om te verstaan. Maar as jy skrif kan lees, betree jy ’n geslote wêreld met ongelooflike wonders. Net iemand wat in ’n boeklose omgewing grootgeword het, weet wat dit vir ’n leeshonger persoon beteken om sy tande in ’n boek te slaan en verby die trekpleister van ’n kleurvolle omslag verplaas te word na die wêreld van die verbeelding, van vreemde plekke en mense, en om jou dan hiermee te kan vereenselwig. Lees is om jou terug te trek en onsigbaar te maak in ’n stil hoekie. Is dit nie hemel op aarde nie?” – Elizabeth (Sussie) Kotze, in *Rapport*, 19 Desember 2009, aangehaal in LitNet-nuusbrief 834, 27/01/2021.

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Vader,
leer my kinders om gelyktydig
op twee plekke te woon:
in die chaos van die lewe
en die stilte van u teenwoordigheid.

Maak hulle gewoon aan
ononderbroke gemeenskap met U –
in groot groepe mense,
maar ook te midde van kalmte.

Help hulle om te weet
dat hulle sekuriteit nie lê
in mense of posisie nie,
maar in die palm van u hand.
Amen.

Dalene Reyburn

(Uit: *Gebede vir 'n ma se hart*, CUM 2018)